

Seks en Politiek



DEUR

Coenraad Vermaak

Seks

en

Politiek

DEUR

Coenraad Vermaak

1ste uitgawe 1992

*Opgedra aan my voorgeslagte wat vir my
geleef — geveg .— en gesterf het.*

HOOFSTUK 1

LANGTERMYN OPLOSSING

Hierdie boekie is nie bedoel om aan die leser die huidige politieke-situasie te skets nie. Dit is egter nodig om vinnig te kyk watter verskillende oplossings voorgehou word as die mees doeltreffendste manier om ons volk se voortbestaan te verseker.

LINKS EN REGS

Al die verskillende partye en organisasies, vanaf die heel linkerkant tot die heel regterkant, het hul eie oplossings oor hóé om die situasie te beredder!

**ALMAL VERSTAAN EGTER DUIDELIK DAT
ONS VOLK SE VRYHEID VIR EERS TOT
'n EINDE GEKOM HET !**

Nadat die Linkses besef het dat hulle nie aan bewind kon bly, sonder die aanhoudende uitoefening van geweld nie, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die enigste oplossing wat oorbly, die een is van MAGSDELING.

Die Regses daarenteen, het ook besef dat hulle

nie onbepaald in beheer kon bly nie. Hulle oplossing is weer dat daar totale SKEIDING tussen volke moet kom!

Dit is uit hierdie uiteenlopende en baie gevaarlike rigtings, waaruit ons sal moet kies.

Ons voorgeslagte het oor 'n tydperk van driehonderd jaar, alles in die stryd gewerp, selfs hul lewens opgeoffer om juis hierdie situasie te verhoed.

Vanaf die vroegste tye aan die Kaap het die stryd gegaan oor die selfbeskikking en vryheid vir ons as VOLK.

Enige bogenoemde oplossings — MAGSDELING óf AFSKEIDING — sal grotendeels al hul offerings neutraliseer.

Albei hierdie oplossings is grotendeels kort-termyn oplossings. Dit is nie kort-termyn in die sin dat dit weer verander kan word nie, maar in die sin dat dit nou, huidiglik, in ons lewenstyd, moet gebeur.

Daar was egter nog nóóit 'n langtermyn oplossing vir die vrylike voortbestaan van ons volk nie. Nog nóóit was daar 'n bepaalde plan om op die langtermyn ons voortbestaan te verseker nie, al moet ons, soos ons alreeds genoem het, vir eers ons vryheid prysgee.

Deur hierdie boekie wil ons graag so 'n langtermyn

plan voorstel wat ons wil noem "DIE NATUUR-
LIKE OPLOSSING'.

Voordat ons dit kan doen moet ons eers gaan
kyk na die oorsake van ons huidige dilemma.

*'n Politikus dink aan die volgende verkiesing,
'n Staatsman dink aan die volgende geslag.*

William Gladstone.

HOOFSTUK 2

In die laaste gedeelte sal daar gepoog word om DIE NATUURLIKE OPLOSSING duidelik uiteen te sit. Maar eerstens moet ons die probleem duidelik identifiseer.

Nadat die probleem ge-identifiseer is, moet daar bepaal word wát die oorsake van die probleem is. Dit is hiérvan oorsake waarvoor 'n oplossing gevind móet word.

Indien ons die probleem wil oplos sonder dat daar na die oorsake gekyk word, sal dit dieselfde uitwerking hê as wanneer 'n dokter net die simptome van 'n siekte behandel sonder om die siekte sêlf te behandel.

PROBLEEM

Wat is die probleem?

Die probleem is dat ons as volk, wat oor 'n periode van drie-honderd jaar, 'n eie karakter met 'n eie kultuur en taal ontwikkel het, besig is om as volk sy VRYHEID te verloor!

Die vraag is nou: Wat word bedoel met VRYHEID?

- * In die opsig van vryheid vir 'n volk, beteken dit: Vryheid om 'n sekere landstreek te beset.

- * Dit beteken dat daardie volk sy eie wette sal maak.
- * Dit beteken dat daardie volk sy eie taal sal kan praat.
- * Dit beteken dat daardie volk die reg sal hê om daardie grondgebied te beskerm teen indringers of vyande.
- * Dit beteken laastens, dat hierdie volk nie deur ander volke, groepe of organisasies oorheers mag word nie.

Hierdie vyf voorwaardes beteken dat 'n volk sy eie toekoms kan bepaal.

Ons as volk, word nou gedwing om met vreemde volke te onderhandel oor ons toekoms. Hierdie vreemde volke het ons gedwing, met GEWELD en met hul GETALLE, om met hulle te onderhandel oor die toekoms van ons kinders.

Nou is die vraag: Waarom aanvaar ons dit?

Die antwoord is eenvoudig!

- * Hierdie vreemde volke se getalle is baie groter as ons volk se getalle.
- * Hulle is baie meer as ons, of anders gestel,
ONS IS TE MIN !

Kan ons nou sê dat ons die oorsaak van ons probleem gevind het?

Nee, ons is besig om ons vryheid te verloor en daarom is dit noodsaaklik dat ons nie net die simptome nie, maar die grondliggende oorsake van ons

probleem vind.

Nou moet ons vasstel wat die redes is vir hierdie groot verskil in getalle. Vir 'n bietjie tegniese agtergrond kan na die volgende statistieke gekyk word.

- * Die Blankes is 5.5 miljoen.
- * Die Swartes is 35 miljoen.
- * Van 'n totaal van 40.5 miljoen mense is ons as volk maar net 3.5 miljoen.
- * Die ander 2 miljoen Blankes wil nie deel van ons volk wees nie en moet in ons volksbegrip buite rekening gelaat word.

Nou moet ons vasstel wát die redes is vir ons klein getalle.

Alles word uit stryd gebore.

Herakleitos

HOOFSTUK 3

Daagliks hoor ons oor die radio, televisie en in die koerante dat ons bevolkingsgroei te hoog is en dat ons minder kinders moet hê.

Dit word natuurlik ongekwalfiseerd gesê en maak geen onderskeid tussen rasse, of volke nie.

Na al dié propaganda is dit vir die meeste mense 'n voldwonge feit dat Suid-Afrika net 65 miljoen mense sal kan huisves. Met die bevolking nou alreeds by die 40 miljoen, voel almal dat daar nou daadwerklike stappe gedoen sal moet word om hierdie bevolkingsontploffing te stuit.

Die meeste mense is dit eens dat daar net nie genoeg water in Suid-Afrika is nie en daarom sal daar nie genoeg voedsel geproduseer kan word nie.

Enige persoon wat nou die 'vermetelheid' het om só 'onverantwoordelik' op te tree, deur mense aan te moedig om meer kinders in die lewe te bring, sal natuurlik geweldige kritiek moet verduur.

BLANKE - SKOOL GETALLE

Om werklik te kan beseef hoe klein ons volk se getalle is, moet ons weer na sekere statistieke gaan kyk.

- * In Desember 1990 was die aantal blanke matriekulante sowat 43 000.
- * Die Januarie 1991 se Graad 1 inname was maar net 21 000 kleinmenses.

Daarvan kan nou afgelei word dat in die afgelope 12 jaar, het die Blankes die helfte minder kinders gehad as in die tydperk tussen 1966 en 1978. Indien hierdie tendens voortduur sal daar net sowat 10 000 Graad Eens wees in 2002.

Nou is dit duidelik waarom daar so 'n krisis in die onderwys bestaan en waarom Blanke skole gesluit moet word.

SWART - SKOOL GETALLE

Wanneer daar na die Swart matriek-getalle gekyk word, kan mens sien dat daar nêr onheil op ons wag!

- * Sowat 80 000 Swartes het in 1990 matriek geslaag.
- * Die totale aantal wat die eindeksamen afgelê het, was meer as 250 000.

Die duiopsyfer was onaanvaarbaar hoog en daar gaan natuurlik alles in die stryd gewerp word om in die toekoms te verseker dat die slaag-persentasie so hoog as moontlik sal wees.

FINANSIEËL

Daar kan dus nou baie duidelik gesien word wat die

gevolg is van ons volk se klein getalle.

Om finansieël voorsiening te maak vir al hierdie skoolopleiding, kom ons voor ander onoorbrugbare probleme te staan.

Daar is deur die Departement van Onderwys bepaal dat daar gemiddeld R1 500.00 per jaar op elke blanke kind gespandeer word. Daar word slegs R180.00 op 'n swart kind bestee. In die nuwe Suid-Afrika sal pariteit behaal moet word en almal sal oor een kam geskeer moet word. Dit wil sê, dat daar R375.00 per jaar op elke kind bestee sal word.

Hierdie geld kan alleenlik deur die belastingbetaler betaal word en ons moet nou gaan kyk wie hierdie belastingbetaler is.

BELASTING

As na die belasting van Suid-Afrika gekyk word, sal gevind word dat die Blankes, wat sowat 5.5 miljoen mense is, 90 persent van die belastingslas dra. Die Swartes, wie se getalle al aan die 35 miljoen kerf raak, dra die ander 10 persent by. Ons verwys natuurlik net na persoonlike belastings.

Mens kan nou die afleiding maak dat die Blankes baie meer geld verdien en daardeur baie meer belas moet word. Indien 'n mens na hierdie wanbalans uit so 'n oogpunt kyk, maak mens natuurlik 'n

baie groot fout. Die Swartwerker verdien gemiddeld sowat 'n derde van wat die Blankewerker verdien.

Indien 'n mens nou sal sê dat die Blankes gemiddeld drieduisend rand per maand verdien en dat 'n derde van die Blankes broodwinners is, dan kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

'n Derde van 5.3 miljoen is 1.4 miljoen. Indien die gemiddelde salaris R3 000 per maand is, is die totale salarispakket van die Blankes dus 4.2 duisend miljoen rand per maand.

DIE SWARTES

Die Swartes van 35 miljoen sê broodwinners is dus sowat 12 miljoen en hulle verdien gemiddeld eenduisend rand per maand. Dit bring hul maandelikse verdienste op sowat 12 duisend miljoen te staan.

Daar word onder geen omstandighede voorgegee dat hierdie syfers korrek is nie. Daar is net 'n gemene faktor geneem en die persentasie-verskil is dus korrek.

Nou kan 'n mens sien dat die Blankes 4.2 duisend miljoen per maand verdien en die Swartes 12 duisend miljoen. Die Swartes verdien dus drie keer soveel as die Blankes deurdat hul getalle so groot is. Nogtans betaal die Blankes 90 persent van die

belastings en die Swartes 10 persent.

KOOPKRAG

Dit is nou logies dat die Swartdeel van die bevolking die oorheersende KOOPKRAG in die land het. Daarom sal die Geldmag sorg dat die Geldmag in die goeie boekies van die Swartes bly.

Die Swartmag besit natuurlik ook die arbeidsmag, omdat hulle so baie is. Daarom kom ons nou by 'n interessante gevolgtrekking uit.

- * Die Blankes het min kinders.
- * Die Blankes betaal 90 persent belasting.
- * Die Blankes het geen noemenswaardige koopkrag of arbeidsmag nie.

Daarenteen:

- * Die Swartes het baie kinders. (Gemiddeld 8).
- * Die Swartes betaal 10 persent belasting.
- * Die Swartes besit die koopkrag.
- * Die Swartes besit die arbeidsmag.

Die onmiddellike reaksie nou is om te voel dat hier iets ernstigs skort. Wat hier bo aangeteken is, is onnatuurlik en onaanvaarbaar.

Die eerste vraag is, hoe het ons dan in hierdie situasie beland? Tweedens, kan 'n mens uit hierdie situasie ontkom of moet ons dit aanvaar as normaal en ons skouers optrek en sê wat daarvan?

Indien die gevolgtrekking hierbo u koud laat en u voel dat daar niks onheiligs daarmee verkeerd is nie, moet ons nou na die gevolge van hierdie situasie kyk.

Eerstens, omdat ons min kinders het en die Swartes baie kinders het, veroorsaak dit dat daar 'n baie groot aantal Swartes is en dat hulle aanspraak gaan maak om alle bestuur van die land oor te neem.

Die hele wêreld het die norme aanvaar dat die regverdigste politieke stelsel dié is van een mens een stem, wat hulle DEMOKRASIE noem. Dit beteken dat die grootste aantal mense in 'n gegewe land dié land moet beheer en bestuur. Dit is dan in daardie opsig van demokrasie REGVERDIG dat die Swartmense Suid-Afrika oorneem en hulle eiesoortige karakter daarop afdruk.

Die tweede gevolg is dat die Blankes voortgaan om die meeste belasting te betaal, nl. 90 persent. Hul belastings-bydrae word in 'n gemeenskaplike staatskas geplaas saam met die 10 persent van die Swartes. Met hierdie geld word behuising, hospitale, pensioene, paaie en vervoer verskaf.

Dit is mos nou duidelik dat die Swartes wat 88 persent van die bevolking uitmaak, ook sowat 88 persent verbruikers sal wees van hierdie staatsbesteding.

- * Die Swartes het baie meer hospitale en dienste nodig.

- * Hulle kan die minste, huise bekostig en daarom moet die staat hulle help.
- * Hulle verteenwoordig ook die grootste aantal pensioentrekkers want hulle het die meeste ou mense.
- * Openbare vervoer moet verskaf word want die grootste gedeelte van die Swartes besit nie private motors nie.
- * Indrukwekkende paaie moet voorsien word want alhoewel die grootste gedeelte van die 35 miljoen Swartes nie hul eie motors besit nie, is daar natuurlik baie meer Swartes as Blankes wat wél 'n motor besit. Die verhouding is heel waarskynlik drie Swart motoreienaars teenoor elke Blanke motoreienaar.

Nou kan verstaan word dat die Swartes nie net die koopkrag van verbruikersgoedere besit nie, maar dat hulle ook die grootste verbruikers is van staats-besteding.

Die leser moet nou dit in gedagte hou dat die Blanke 90 persent van al hierdie gelde as belasting aan die staat betaal.

Al die skole vir Swartes word deur die staat, uit hierdie geld, verskaf. Dus moet dit nou duidelik vir almal wees dat die Blanke betaal vir al die swart kinders se opleiding en wanneer hierdie kinders groot word, betaal die Blankes vir hul vervoer, behuising, hospitaaloonkoste en ook dan hul pensioene wanneer hulle oud is.

Die meeste blankes sal heelwaarskynlik nou reageer met, 'dit is onregverdig' óf 'dat sulke onregverdig-hede nie geduld behoort te word nie'. Wat die Blanke nie verstaan nie, is dat hierdie 'n natuurlike verskynsel is.

DIE VOLGENDE STELLING KAN NOU GE- MAAK WORD :

Indien 'n deel van 'n bevolking hul getalle beperk deur onnatuurlike maatreëls toe te pas — om minder kinders in die lewe te bring — dan volg dit natuurlik dat hulle die finansiële steun sal verskaf vir die ander gedeelte van die bevolking se kinders se opvoeding en 'n lewensvatbare bestaan.

Ook moet daar nou besef word dat hierdie situasie nie die Swartes se skuld is nie. Daar word dikwels gehoor dat die Blankes sê dat Swartes soos konyne aantel. Die meeste blanke vroue sien neer op haar swart eweknie, en hulle, 'die blanke vroue' is baie DANKBAAR dat sy nie so DOM is om so baie kinders te hê nie! Die Blankes sê dan ook gereeld vir mekaar dat kinders té duur is en dat hulle nie meer as twee kinders kán bekostig nie. Wat hulle nie besef nie, is dat hulle indirek vir die swart kinders sorg!

BEKOSTIGBAARHEID

Dit is nodig om hierdie aspek van die Blanke se verskoning vir sy eie onnatuurlike optrede uit te

lig. Die volgende skets pas by die oorgrote meerderheid Blankes.

Hulle besit 'n groot huis met drie of meer slaapkamers, twee badkamers en volvloermatte. Hulle het ook gewoonlik twee motors en 'n dubbel motorhuis en natuurlik 'n swembad. Hulle skuld die finansiële instansies gewoonlik sowat R100 000 vir al hierdie luukse, maar voel tog dat dit hul eiendom is. Hulle het ook gewoonlik 'n swart huishulp en 'n swart tuinier, want hulle het nie tyd om alles skoon en aan die kant te hou nie. Hulle het dan ook gemiddeld net twee kinders, want kinders is onbekostigbaar en die vrou moet natuurlik ook gaan werk om die pot aan die kook te hou.

Hierdie Blankes is die tipiese soort wat nou vir jou sal vertel dat kinders so duur is dat hulle nie meer kinders kán bekostig nie. Hulle besef nie dat hoe minder kinders hulle het, hoe meer belasting betaal hulle aan die staat nie.

Hulle besef ook nie dat die werk wat hulle verskaf asook die salaris aan die swart huishulp en swart tuinier, veroorsaak dat hulle direk betaal vir die swart bediendes se kinders nie.

Hulle besef nie dat indien hulle nie al die luukse van 'n swembad, twee badkamers en twee motors wou gehad het nie, dit nie nodig vir die vrou sou gewees het om te gaan werk nie en daardeur haar moederskap te verbeur en deur haar belastinggelde,

die staat in staat te stel om in die swart kinders se opvoedings behoeftes te voorsien nie.

Weereens is dit geregverdig om te sê dat indien die Blankes min kinders het, dan sal hulle geldelik moet bydra vir die swart kinders se opleiding.

Hierdie is 'n doodnatuurlike verloop van omstandighede. Ons kan allerhande slim plannetjies uitdink, maar dit sal niks aan die saak verander nie. Solank ons streef na 'n hoër beskawingspeil en ons op ander staat maak om ons werk te doen sodat ons die vrugte van hul arbeid kan pluk, sal ons die gelag moet betaal.

Die Romeinse Ryk het ook hul toekoms op hierdie wankelende fondasie gebou. Nadat hulle Arabiese slawe ingevoer het om hul arbeid te verrig, het dit nie lank geneem voordat hul hele beskawing in duie gestort het nie.

Daar is 'n baie bekende gesegde wat lui:

'Spaar jou sweet en stort jou bloed'.

Dit kon ook soos volg gelui het:

'Spaar jou sweet, maar stort jou geld'.

*'n Vreedsame is iemand wat hom laat doodskiet,
om te bewys dat die ander die aggressor is.*

Ludwig Marcuse.

HOOFSTUK 4

Nou kom 'n mens by die baie bekende gevoel wat die mees regs-denkende mense in Suid-Afrika het. Hulle weet dat hulle afhanklik is van hulle swartwerkers. Hetsy op plase, besighede of in hul eie huise.

Hulle voel wel dat daar 'n groot bedreiging bestaan vanaf die Swartes. Hulle besef ook dat die Swartes baie meer in getalle is. Maar hulle weet nie wat om omtrent hierdie bedreiging te doen nie. Hulle ly nou werklik aan 'n gesplete persoonlikheid.

Aan die een kant voel hulle bedreig deur die groot aantal Swartes, maar aan die anderkant voel hulle dat hulle nie die mas kan opkom sonder hul swartwerkers en bediendes nie.

Die Swartes se bereidwilligheid om eentonige en laeklas werk te doen, dra ook natuurlik by dat die Blankes so afhanklik is van hul swart-arbeiders en bediendes.

Die meeste Blankes reageer nou om die Swartes te beskuldig van onbeheersde aanteling. Hulle dink nie daaraan dat hulle gemaksgtigheid en najaag na rykdom die oorsaak is van hul eie ondergang nie.

Ons het aan die begin gesê, indien 'n mens 'n probleem kan identifiseer en 'n mens wil poog om 'n oplossing vir hierdie probleem te vind, dan moet mens probeer bepaal wat die oorsaak van die spesifieke probleem is. Wanneer 'n mens dan die oorsaak gevind het, kan 'n mens dan poog om die probleem op te los.

Ons probleem is duidelik. Dit is 'n probleem van 'n te groot getalle verskil, 'n wanbalans in die bevolking. Indien die Blankes 20 tot 30 miljoen was, dan sou daar nie 'n probleem gewees het nie.

Ons sal nou vervolgens probeer bepaal wat die oorsaak was en nog steeds is vir hierdie wanbalans.

*Om te erken wat reg is,
maar nalaat om dit te doen,
is 'n gebrek aan moed.*

Regnard.

HOOFTUK 5

WETTE VAN NATUUR

Om mee te begin, moet ons na die natuur gaan kyk en sien en verstaan hoe Moeder Natuur sulke sake oplos.

Eerstens moet u verstaan dat alle lewe op aarde gekoppel is aan die vermoë van lewende organismes om in 'n voedselketting in te skakel. Die wetenskaplikes noem dit 'n ekosisteem of ekologiese-sisteem. Dit is inderwaarheid 'n voedselketting, waarin verskeie soorte diere, plante, insekte, kieme en mense in 'n sirkel op mekaar staatmaak om aan die lewe te bly.

In hierdie voedselketting het elke soort sy natuurlike vyand en ook sy natuurlike voedselbron.

Op parallele-vlak kompeteer verskillende soorte van dieselfde spesie met mekaar, wat veroorsaak dat die soort met die beste metode van oorlewing kan oorleef.

In hierdie voedselketting is daar gedurige kompetering aan die gang. Dit kompeteer in die eerste plek met mekaar, om te selekteer en dit kompeteer in die tweede plek met die natuurlike vyande, om aan die lewe te bly.

Indien mens enige soort uit sy natuurlike voedselketting neem en jy plaas hom in 'n ander voedselketting, dan sal een van twee dinge gebeur.

Dit sal uitsterf omdat hy homself nie kan verdedig teen nuwe vyande nie OF Hy sal sy vlak in die nuwe voedselketting totaal oorneem, omdat hy dan geen natuurlike vyande het nie.

Hierdie is die enigste twee moontlikhede wat met hom kan gebeur.

Indien 'n mens 'n kangaroo vanaf Australië na Suid-Afrika bring en hom loslaat, sal hy óf uitsterf of in getalle so toeneem dat die ekosisteem totaal oorheers sal word.

Daar is baie goeie voorbeelde daarvan.

*Men are generally more carefull
of the breed of their horses and
dogs than of their children.*

William Penn.

PLANTE

In die planteryk ken ons almal die groen Hiasinte wat so welig hier in ons rivier en damme groei. Hierdie plante kom van 'n koue Kanada af en het hier beland deur saad wat aan bote vasgesit het. Omdat dit baie warmer water hier het en omdat dit geen natuurlike vyande hier het nie, het hulle totaal oorgeneem met hulle aanwassingspatroon.

Wetenskaplikes probeer nou om dit te beveg deur die plante se natuurlike vyande in te voer. Dit is 'n klein kweker wat die plant laat verrot en hom sodoende laat afsak in die water.

Weereens is hierdie kweker 'n probleem, indien hy nie natuurlike vyande hier het nie.

VISSE

Hier het ons 'n goeie voorbeeld van die Swartbaars. Hierdie vis was ook gewoon aan koue water. Toe hulle hier beland het, het hulle geen vyande onder die karpe en kurpers gehad nie en het hulle geweldig groot en aktief geword. Hulle vreet op die oomblik al die ander visse se kleintjies op en gaan nog 'n groot probleem word.

DIERE

Diere word grotendeels baie goed beheer, deur wetgewing en kwarantynmaatreëls. Daar kan wel gemeld word dat beeste, byvoorbeeld, natuurlike vyande het, soos die Tsetsevlies en bek-en-klouseer. Hierdie vyande veroorsaak dat vreemde uitheemse beeste nie hier aard nie.

MENSE

Alhoewel die meeste mense die natuurlike proses kan verstaan, glo hulle nie dat die natuurwette ook op hulle van toepassing is nie. Die meeste mense

glo dat hulle verhewe is bo die natuur en dat hulle die natuur kan manupileer en beheer. Dit is natuurlik onwaar!

As ons na die mense kyk sal ons sien dat, toe Jan van Riebeeck hier aangekom het, het hy 'n ander voedsel-ketting binnegedring.

In Europa was die omstandighede so dat die mense daar vir oorlewing moes veg teen die natuurlike elemente. Dit was baie koud en dit het hulle ge-noop om huise, klere en vervoer te ontwikkel om te kon oorleef. Hul natuurlike vyande was dus die natuurlike omstandighede en hulle moes daarby aanpas.

Op 'n parallele vlak het hulle ook met mekaar gekompeteer soos wat die geskiedenis ons leer. Die verskillende witvolke was altyd in oorlog met mekaar gewikkel en dit het ook vooruitgang gebring deurdat die beste metodes ontwikkel was om mekaar te uitoorlê en te verslaan.

Dit is ook die groot rede waarom Boer en Brit mekaar vandag nog as vyande beskou. Hulle en hulle voorgeslagte is al vir duisende jare vyande van mekaar.

Die verskillende witvolke kan volgens hierdie beskouing dus as tradisionele vyande beskou word.

Soos reeds gemeld, het Jan van Riebeeck 'n vreem-

de voedselketting, of ekosisteem, binnegedring toe hy na Suid-Afrika gekom het.

In dié voedselketting het die verskillende swartvolke met mekaar meegeding. Omdat die klimaat hier baie beter was as in Europa, was dit nie nodig vir die Swartes om te ontwikkel nie. Dit was nie vir hul nodig om warm klere, duursame huise of 'n vervoer-netwerk te ontwikkel nie. Voedsel en water was volop. Daarom het hulle ook nooit die nodigheid daarin gesien om skepe te bou nie. Hulle was tevrede soos dit was.

Daarenteen was die Blankes van Europa baie ver ontwikkel. Op daardie stadium was die universiteit in Heidelberg in Duitsland alreeds 300 jaar oud. Hulle het van die hoogste gehalte klere gedra en het werklik 'n hoë beskawingspeil gehandhaaf.

Nou moet daar noukeurig op die volgende gelet word:

Dieselfde beginsels wat op die kangaroo van toepassing was, naamlik dat indien hy in 'n ander voedselketting beland, hy sal oorleef of uitsterf, was ook op hierdie mense saam met Jan van Riebeeck van toepassing.

Omdat die Swartes so onontwikkeld was, het die Blankes totaal die oorhand gekry. Die bevolkingsgroei van die Blankes was ook op daardie stadium normaal. D.w.s. 'n huisgesin het bestaan uit 8 tot 12 kinders. Daarom kon hulle dit regkry om

hierdie vreemde voedselketting totaal te oorheers.

Daar moet gelet word dat die Swartes mekaar nog steeds beskou het as tradisionele vyande en die Blankes mekaar weer gesien het as tradisionele vyande.

Nêrens in die geskiedenis en selfs vandag nog is die Blankes en Swartes al ooit as tradisionele vyande van mekaar beskou nie.

Dit is dan die rede waarom daar nog nie 'n groot rasse-oorlog in Suid-Afrika uitgebreek het nie. Die Boer en Brit, én Zoeloe, en Khosa gevegte is ver van mekaar verwyder.

*Wie sy vryheid laat vaar vir 'n bletjie veiligheid,
Verdien nog die vryheid, nog die veiligheid
Hy sal albei verloor.*

Benjamin Franklin.

HOOFSTUK 6

Nou kom ons by 'n baie belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld.

Vir die eerste keer het die mens so ver ontwikkel dat hy 'n metode gevind het om sy getalle te beheer.

Deur die gebruik van voorbehoedmiddels is daar nou vir die eerste keer op 'n totale onnatuurlike manier in die natuur ingemeng.

DIE PIL HET OP DIE TONEEL VERSKYN

Omdat ons toegelaat het dat ons vroue die pil gebruik, het ons, ons eie getalle beperk. Ons het minder kinders in die lewe gebring en daardeur ons ondergang verseker. Dit is ongelooflik dat ons dit gedoen het!

Die enigste rede waarom ons dit gedoen het, was om ekonomies meer vry te kon wees.

Min het ons besef dat ons na anderskleuriges se kinders sal moet omsien, indien ons nie ons eie sou hê nie. Dit het ons in die begin al bewys, hoedat ons deur ons belastinggeld en ons werkverskaffing vir die Swartes se kinders sorg.

Om ons onmoontlike situasie te illustreer, kan daar gekyk word wat sal gebeur indien die Hiasinte op ons riviere besluit om hul getalle te verminder óf indien die Swartbaars óf Wattelbome sou besluit om nie meer aan te teel nie. Hulle sal baie gou hul voorsprong verloor en natuurlik uitsterf of verdwyn.

Hierdie verskrikking, staar ons vandag in die gesig. Ons kindergetalle het so drasties afgeneem dat ons op die punt staan om totaal verswelg te word. Nadat ons op 'n onnatuurlike wyse ons getalle begin beperk het, het ons toe nóg verder gegaan. Ons het onself probeer verskans deur onnatuurlike wette te maak om ons te beskerm. Dit is daarom dat ons Apartheidswette ingestel het.

Ons het besef dat ons nie sal kan bestaan sonder hierdie wette nie. Hierdie wette het dan weer gelei na 'n valse gevoel van veiligheid. Dit het ons wel verskans, maar daar buite het die natuur stilweg sy gang gegaan.

Die Swartes, wat nog 'n normale aanwassingspatroon gevolg het, het in getalle toegeneem. Hierdie groot getalle voorsprong het veroorsaak dat hulle nou die moed gevind het om te eis dat hierdie land aan hulle oorhandig moet word.

Dit het weer gelei dat die Blankes weer eensklaps besef het hier is 'n probleem wat hulle nie kan oplos nie. Dit is waarom mense sê dat hulle nie vir

ons 'n uitweg uit hierdie haglike situasie kan sien nie.

Hulle kan dit nie maklik verduidelik nie, maar hulle kan dit AANVOEL dat ons in 'n strik is waaruit ons nie kan ontsnap nie. Die rede is ooglopend!

ONS GETALLE IS EENVOUDIG TE KLEIN !

*If you shut up truth and bury it under the ground,
it will grow, and gather to itself such explosive power
that the day it bursts through it will blow up*

Emile Zola.

HOOFSTUK 7

Die natuur het sy eie seleksie metodes. In die natuur is almal NIE eenders nie. Die natuur het verseker dat elke spesie sy eie unieke eienskap het om so goed as wat hy kan te oorleef.

Daar kan na enige dier, voël, insek of mens gekyk word en daar kan duidelik gesien word hoedat elke een met 'n spesiale eienskap toebedeeld is om op sy eie vlak die beste aan te pas.

Wanneer 'n natuurramp so 'n voedselketting tref, is hierdie uiteenlopende eienskappe van die spesies die oorsaak dat almal nie uitsterf nie.

As daar na die visse gekyk word om hierdie situasie te illustreer, sal daar waargeneem kan word dat daar verskeie visse is wat op verskillende dieptes hul kos soek. Baie sal net op die oppervlak jag-maak op hul prooi. Ander sal net weer tussen die oppervlak en die bodem hul bestaan voer. Ander, soos die katvis, sal op die bodem hul bestaan voer.

Dit is hierdie laaste soort wat heel waarskynlik die langste sal bly lewe wanneer droogte toestande ontstaan. 'n Katvis-spesie, soos die barbel, kan ook onder modder vir lang periodes oorleef, terwyl die geelvis lankal sonder water sou gevrek het.

Hierdie natuurwet is ook op die mens van toepassing. Elke spesie van die menslike soort het sy eie unieke, ingeboude karaktereienskap. Hierdie eienskappe kan duidelik gesien word wanneer 'n mens na die verskillende rasse se oorlewingspatroon kyk.

Wanneer daar ingemeng word met die aanwas of geboortesyer van enige een van die verskillende rasse, wat elkeen uniek is op sy vlak van mededinging, sal daar 'n natuurlike wanbalans ontstaan.

Die natuur sien dit in der waarheid raak as 'n spesie wat nie kán kompeteer nie. So 'n spesie of ras sal mettertyd verdwyn. Dit sal gebeur nadat die getalleverskil so groot geraak het dat die paar wat oorbly net eenvoudig opgeneem sal word deur die groter gemeenskap.

Kuba is 'n baie goeie voorbeeld hiervan.

Daarom is dit so noodsaaklik dat alle voorstanders van geboortebeperking in die kollig geplaas word. Hierdie mense wat so graag wil hê dat die pil of ander voorbehoedmiddels deur die Blankes gebruik moet word, kan eenvoudig net verskuilde agendas hê.

Hierdie mense wat insluit politici, dokters, aptekers en vervaardigers, moet ge-identifiseer word as dié grootste vyande van ons volk. Selfs predikante wat tradisioneel die Rigters van ons volk is, swyg nou al vir jare oor hierdie onreg en VOLKSMOORD

wat gepleeg word.

Kerke het normaalweg te doen met die morele aspek van hul lidmate se bestaan. Daarom is die verskillende kerke meer verantwoordelik vir die Blankes se optredes as wat die regering is.

Die tyd het ook aangebreek dat kerke in die openbaar sal moet standpunt inneem ten opsigte van die pil en die gepaardgaande vernietiging van ons nageslag.

Onderwysers in skole sal hulself moet afvra of hul standpunte oor voortplanting en die voorkoming daarvan, juis was. Skole is verantwoordelik vir die kind se begrip van die lewe en sy uiteindelijke aanpasbaarheid in sy gemeenskap.

Wanneer onderwysers neerhalend praat van groot gesinne, of wanneer hulle dogters slegs loopbaan-gerig opvoed, moet hulle besef dat hulle 'n groot aandeel het in hul eie vernietiging.

*Wysheid is nie soseer om te weet wat uiteindelik
gedoen moet word nie, maar om te weet wat
volgende gedoen moet word.*

Herbert Hoover.

HOOFSTUK 8

SLOTSOM

Ons het nou by die mees basiese rede van ons probleem uitgekom.

Ons het in die begin gesien dat ons besig is om ons vryheid te verloor. Die rede daarvoor was dat ons getalle so klein is.

Die rede van ons klein getalle is omdat ons op 'n onnatuurlike manier in die natuur ingemeng het. Ons het, met ander woorde, op groot skaal moord gepleeg deur ons nageslag te beperk.

Dit sal ook tot gevolg hê dat die kinders wat wel gebore is in 'n baie netelige situasie sal verkeer. Omdat hulle so min is sal hulle nie hulself kan handhaaf nie. Hulle sal nie genoeg steun van hul mede volksgenote kan kry nie. Die lewe in Suid-Afrika sal vir hierdie klein getal volks-patriotte onuithoudbaar wees.

Indien ons toelaat dat hierdie geslag sal voortgaan met die tendens om minder kinders te kry, sal die volgende scenario's volg:

- * Ons kinders sal geldelik verantwoordelik wees vir hospitale, behuising, vervoer, pensioene, skole en voedsel-voorsiening vir die hele be-

volking.

- * Vir hierdie verantwoordelikheid sal hulle beloon word met hoë belastings, integrasie op elke terrein, onderdrukking deur swart polisie en sal hulle van alle patriotisme gestroop word.

Inderwaarheid verdoem ons hierdie nageslag van ons om die melkkocie van Suid-Afrika te word. Ons is besig om die grootste onreg teenoor ons voorgeslagte en ook teen ons nageslagte te pleeg. Hierdie geslagte wat nou in Suid-Afrika lewe, sal vir ewig die vervloeking dra. Ons sal onthou word as die grootste groep kortsigtigste verraaiers van alle tye.

Dit is ook nie redelik om die regering die skuld vir hierdie onuithoudbare situasie te gee nie. Ons as volk, is die probleem en ons as volk moet ook die oplossing wees. Die tyd is nou daar dat ons die werklikhede in die oë moet staar. Ons mag nie meer net die skuld op ander se skouers laai nie.

Ons moet ook besef dat geen korttermyn oplossing ooit vir ons 'n volledige toekoms gaan skep nie. Slegs 'n doelgerigte ideologie met verstaande doelwitte sal ons volk van uitwissing red!

Indien 'n volk mag afstaan in die naam van geregtigheid, dan sal so 'n volk verseker wees van teoretiese roem en aansien, maar net so seker sal die oomblik kom waarin hy platgevee sal word deur 'n mag wat die realiteit beter verstaan het as hy.

Oswald Spengler.

HOOFSTUK 9

AANSLAG OP DIE VROU EN GESIN

Almal moet verstaan wat die aanslag op ons nageslag behels.

Eerstens is die aanslag op die integriteit van die 'huisvrou'. Daar word altyd nydig van haar gepraat asof sy minderwaardig is. Al die ander vrouens wat moet werk om kop bo water te hou het dan 'n skuldgevoel en daarom stem hulle saam dat 'n huisvrou minderwaardig is.

Die tweede aanslag is deur mense wat neerhalende aanmerkings maak teenoor mense wat groot gesinne het.

Weereens kry jy nie baie ander mense wat bereid is om vir sulkes in die bresse te tree nie. Dit is nie goeie politiek om teen die stroom te swem nie. Die media het gesorg, deur al sy propaganda, dat baie min mense dit sal waag om voorbrand te maak vir groot gesinne óf sal betoog vir die huisvrou.

Daar moet ook verstaan word dat kinders wat alleen groot word 'n groot agterstand het bo kinders wat deel was van 'n groot groep. Die rede hiervoor is dat die mens 'n sosiale wese is. Hy of sy sal 'n

baie beter aanpasbare persoon wees, indien hy in 'n groep opgroei instede van om as 'bederfde' enkeling groot te word.

Die derde en belangrikste aanslag teen die gesinslewe was die sogenaamde 'emansipasie' van die vrou. Dit beteken dat vrouens nou vry kon wees om ook treindrywers of predikante te kon word.

Hierdie aanslag kon nooit geslaagd gewees het sonder die pil nie. Deur die vryheid wat die pil vir haar gebring het, het die vrou haar tradisionele rol begin verloor.

*A ship under sail, a man in complete armour,
and a woman with a big belly, are the three
handsomest sights in the world.*

English Proverb.

HOOFSTUK 10

DIE NATUURLIK OPLOSSING

Wat nou duidelik behoort te wees, is dat ons as BOERVOLK in 'n baie onnatuurlike situasie leef. Daarom moet ons met alle mag tot ons beskikking hierdie situasie verander in 'n natuurlike en lewensvatbare situasie.

WAT MOET ONS DOEN ?

Alle voorstelle is natuurlik makliker gesê as gedaan. Onder geen omstandighede moet daar verwag word dat daar in 'n kits aanvaarding van hierdie oplossing sal wees nie.

Ons volk is al té gewoond aan hul gemaklike lewe en hoë standarde. Ons moet net onthou dat dit totaal gaan verander in die 'Nuwe Suid-Afrika'.

Hierdie volk van ons gaan in baie haglike omstandighede lewe en daarom moet ons voorsiening maak vir sulke arm-toestande.

Wat nou nodig is dat 'n politieke party gestig moet word of 'n bestaande party moet oorreed word om hom uitsluitlik toe te spits om mense aan te moedig om baie kinders in die lewe te bring. Hierdie party sal 'n wenner wees op die langtermyn!

Dit maak nie saak watter korttermyn oplossing ons gaan aanvaar nie. Of MAGSDELING of AF-SKEIDING, dit gaan nogtans nodig wees dat daar 'n organisasie bestaan wat die Boerevolk heeltyd bewus moet maak van hul roeping en hul natuurlike plig om soveel kinders te kry as wat hulle kan. Hierdie party sal ondermeer die volgende beginsels moet aanvaar en uitdra:

- * Ons moet ons dogters van jongs af leer dat Moederskap edel is.
- * Ons moet ons kinders leer dat seksdrange natuurlik is.
- * Ons moet ons kinders leer dat seks nie sonde is nie.
- * Ons moet van alle jongvroue verwag om ten minste ses kinders in die lewe te bring.
- * Ons moet ons vroue onttrek uit die arbeidsmag.
- * Ons moet 'n langtermyn doelwit hê, wat beoog om ons Boerevolk te laat groei tot ten minste veertig miljoen.
- * Ons moet ons beywer vir 'n regering wat gesinne met ses en meer kinders totaal sal kwyt skeld van belasting.
- * Ons moet predikante, dokters, aptekers en onderwysers wat voorstanders is van onnatuurlike geboorte-beperking aanval en in die openbaar aan die kaak stel.
- * Ons moet invoerders en vervaardigers van die Pyl saboteer en hulle dwing om hulle moordprodukte te verwyder.
- * Ons moet die regering dwing om vrye mediese dienste te verskaf vir geboortes.

Hierdie party se plig sal ook moet wees om dit uit te dra dat dit nie die einde van die wêreld is indien 'n jongmeisie swanger raak nie.

Baie jongmeisies vermoor hul babas deur vrugafdrywing net omdat hulle bang is vir hul ouers en die samelewing se vingerwysings. Hierdie meisies moet geleer word dat dit wonderlik is om moeder te word en dat niemand daaroor jammer moet wees nie. Daar sal 'n totale gesindheidsverandering teweeg gebring moet word.

Hierdie party sal moet kennis uitdra ten opsigte van wat **DIE NATUURLIKE OPLOSSING** is en hoe die natuur wanbalans-probleme oplos.

Daar sal ook aksies geloods moet word teen vervaardigers van voorbehoedmiddels en ook om volksverraaiers wat hierdie middels goedpraat te identifiseer.

Daar sal baie hulp verleen moet word aan ongetroude jong moeders. Hierdie is **DIE NATUURLIKE OPLOSSING** en ons moet hierdie doelwitte met mag en mening nastreef.

Al hierdie doelwitte sal net bereik kan word indien ons **VRY** kan wees. **VRY** om nie vir al die ander volke te moet sorg nie. Dit kan alleenlik gebeur as ons Boerevolk sy eie Terroitoriale gebied verower en as volk sy eie weg kan baan.

Ter verduideliking van die voordele en noodsaaklik-

heid van 'n eie land, net die volgende:

Om as volk 'n eie land te besit, is dieselfde as wanneer 'n gesin met 'n hegte band, 'n vaste adres het. Almal vra altyd wat jou adres is. Dink net hoe sal dit moet voel om altyd te sê: 'Ek het nie 'n adres nie. Ek bly maar waar ek kom'. 'n Adres gee 'n mens sekuriteit en identiteit. Dit is 'n plek waar mens veilig voel, waar jy kan rus. Ander weet ook waar hulle jou of jou gesin kan kontak. Julle is identifiseerbaar.

Ons kan nou 'n vergelyking tref tussen hierdie gesin en ons volk.

Indien die Vader en Moeder skei en die Vader verhuis na Kaapstad en die Moeder bly in Pretoria en hulle plaas die kinders op Heidelberg in die koshuis, dan bestaan hierdie gesin nie meer nie. As lede van die familie bestaan hulle wel, maar die gesin is nie meer identifiseerbaar nie.

Net so met ons volk!

Ons as volk het nie sy eie adres nie. Daarom is dit só moeilik om ons as volk te identifiseer. Baie gesprekke is al in die verlede gevoer en debatte is gehou om te probeer bepaal wé vir ons as volk kan praat en om die volk te identifiseer.

Dit is juis omdat ons nie soos Duitsland of Engeland 'n adres het om ons te identifiseer nie dat dit so moeilik is om die volk en sy spreekbuis uit te wys.

Wanneer ons as volk ons eie land het, met 'n eie regering en met vaste afgebakende grense, dan kan ons onself handhaaf en versterk.

Ons hoogste prioriteit sal wees om ons getalle so goue as moontlik, met soveel as moontlik, te laat styg!

Ons kan dan gesins-toelaes instel. Ons kan totale belasting-kwytskelding aan gesinne gee wat méér as ses kinders het.

Vrye mediese dienste vir kraamgevalle kan verskaf word.

Advertensie-veldtogte kan geloods word.

Hierdie maatreëls sal ons volk weer sekuriteit en identiteit gee.

Dit bring ons by die twee hoofstrominge in die linkse en regse politiek. Die een wil hê ons moet integreer en die ander wil hê ons moet afskei.

Indien ons MAGSDELING toepas en integreer, sal die grootste vloek op ons nageslag se skouers rus.

Indien ons 'n eie vaderland tot stand bring, sal ons nageslag ons vir altyd eer en ons onthou as die geslag wat vir hulle die weg gebaan het. Ons sal dan ook aan die einde van ons lewens weet dat ons iets dierbaars en wonderlik hier agterlaat

Ons sal tevrede sterf!

WEES JY DIE EEN

*Een moet vooruit,
om te wys daar is nog 'n stem,
wat as ander skugter swyg
Vreesloos die waarheid bring.
Een moet vooruit in nood,
wanneer mense vra: Waar is die man,
wat die moed het om voor te loop?
Wees jy die een. Stap voor!*

THE SADDEST STORY EVER TOLD

*When a white girl marries a negro,
her sun of life goes down.
And glaring spots of sin appear
on her white wedding gown.
And white and black men stand aghast,
while viewing this strange role;
And mutter: 'This will wreck themselves,
and damn each other's soul.'*

*We know a carnivorous bug
has crept into her brain
And gnawed away her self respect,
and left her half insane.
Now all her racial pride
has flown beyond redemption's fold.
And she begins life's saddest tale,
that ever yet was told.*

*Three days and nights she felt
black lips press smug against her own,
And on the fourth her troubled soul
let out a frightfull groan.
And so the weeks an months flew by,
and then a baby came.
She looked at it with tear filled eyes,
and hung her head with shame.*

*And then she dreamed of other days,
sweet girlhood days gone by.
And of the white friends left behind,
and so we hear her cry:*

*'Oh, could I turn life's pendulum
backwards a few short years
I would not bear this cross today,
nor shed these bitter tears.'*

*'My baby would be white as snow,
and sleep upon my breast
Like a fledgling robin
that slumbers in it's nest.
While now, Oh God, my mongrel child,
just whimpers through the night
Till in my sleepless dreams I scream,
Not white, Oh God, not white!'*

*And so I stagger through my days
far from God's Love and Grace
Till now I know no black man lives
can take a white man's place.
My offspring shall be mongrel bred,
their hue skin shall remain,
For even God with all His power
cannot remove the stain.*

*I sold my birthright for a mess,
I mixed my whiteborn blood
With black blood, and so I languish here
like one bogged down in mud.
Though God may grant a pardon,
I never can retrace
My footsteps down life's narrow road,
back to the white man's race.*

*So now I groan, 'It might have been',
had racial pride been mine.
Today I'd hug a pure white child,
and call him half divine.
I'd lift him up before the world,
and praise his father's name.
While now my baby's mongrel face
reminds me of shame.*

*All other crimes may be forgiven
when prayer its power fulfills.
The scheming crook may find new hope,
and even the man that kills.
But all my prayers can never clear
my baby's mongrel skin,
Nor make him white as driven snow,
nor cleanse my soul of sin.*

*I was my father's future hope,
my mother's joy and pride,
But I got lost on life's dark road,
and there my spirit died.
I smeared my all white heritage
and left the white man's track,
Now my descendants for all of time
shall be forever black.*

*I try to hide from all the stars,
the moon and setting sun;
For all mankind of my white race,
condemn what I have done.
I tremble and my teardrops flow,
I pray, but pray in vain,
For never more shall I be one
with my White race again.*

*And so dark clouds above me roll,
deep waters crash below,
I sink and reap what I have sown,
and drink my cup of woe.
My mother sleeps deep in her grave,
my dad lies at her side.
For both were crushed when I became
a negro's common bride.*

*Now should I decide to leave him,
where could I choose to go?
My misspent life will follow me
like footprints in the snow.
Before me lie dark jungles
where paramours seek prey.
Behind me death's deep whispering,
'I am the only way.'*


*This black and white prenuptial mess,
this facial suicide;
Must be forbidden by the law,
men must find racial pride.
Then, never again, forever,
shall tales like mine unfold.
With all its shame and sadness,
that ever yet was told.*

Indien u as leser hierdie boekie verstaan het en u voel dat u ook u deel wil bring om ons Boerevolk se voortbestaan te verseker, dan moet u nie huiwer nie. U moet die skrywer of uitgewer onmiddellik kontak om uself bereidwillig te verklaar om mee te help om hierdie doelstellings te verwesenlik.

SKRYWER : Coenraad Vermaak
Posbus 1603
HEIDELBERG
2400
Telefoon: 0151 - 3367

UITGEWERS: Postma Publikasies
Posbus 77028
Fontainebleau. 2032
Tel: (011) 708 - 1988
ISBN: 0 - 620 - 16471 - 9

Dank aan : L W Biedell vir
'WAARHEDE EN WYSHEDE'



Mnr. Coenraad (Coen) Vermaak het in die Germistonse distrik grootgeword en aan Afrikaans Hoërskool Germiston gematrikuleer. Hy is een van vyf kinders.

Hy het 'n tydlang in SWA gewoon en die verval van die liberale RSA-bewind, wat, sonder dat die RSA-magte militêr verslaan is, die land aan die Kommuniste oorgegee het, met kommer waargeneem.

Hy is aktief gemoeid in die regse politiek en was Streeksleier van die AWB in Germiston en ook lid van die Oranjerwerkers. Vanaf die stigting van die Boerestaats Party, is hy aktief betrokke as Hoofbestuurslid en Streeksvoorsitter in Heidelberg.

In 1990 is hy ge-arresteer onder die berugte artikel 29 as gevolg van sy verbintenis met die Orde Boerevolk, en vir 'n tydlang sonder aanklagte teen hom, deur die regering aangehou.

Coenraad Vermaak besit 'n elektriese kontrakteursfirma. Hy is getroud met Ina du Preez en het alreeds drie seuns. Die Vermaak-gesin glo in selfwerkzaamheid en het hul eie huis elehandig, sonder enige swart arbeid, gebou. Hul le het ook geen swart bediendes in hulle diens nie.

'n Volk se lewe is omtrent so lank soos sy
oerbiedige geheue.

George Santanyana

Mense wat nie terugkyk na die voorgeslag
nie, sal nie vooruit kyk na die nageslag nie.

George Santanyana

Weë hom wat die verlede nie voor oë hou nie.

Genl. C. R. de Wet

16:12:1904

*Met dank aan Mnr. L. W. Biedell vir wysheids gesaam
uit sy boek; 'Woorde, Waarhede en Wysheids vir ons tyd'.*

Voorblad : *Standbeeld van 'Die Denker'.*